NUUSBROKKIES

Sondag 14 Mei 2023

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante / professore en eggenotes met hul verjaardae

11 Mei	Mev M (Mockie) Stoltz, eggenote van ds HJ (Hendrik) Stoltz – GK Ontdekkers
12 Mei	Ds LJ (Lou) Erasmus – GK Naboomspruit Ds OA (Ockert) Oosthuizen – GK Rustenburg-Wes Mev D (Daleen) d’Assonville, eggenote van dr VE (Victor) d’Assonville – GK Postmasburg
13 Mei	Mev H (Hanneke) Meijer, eggenote van ds MD (Dirk) Meijer – GK Bloemburg
14 Mei	Proponent MD (David) Letebele
15 Mei	Ds GJ (Gift) Dlhamini – GK Boikhutso Mev M (Minharde) van der Merwe, eggenote van dr RM (Rudolph) van der Merwe – GK Parys
16 Mei	Ds EJ (Janré) van Jaarsveld – GK Boksburg
17 Mei	Ds HJP (Hendrik) de Beer – GK Magol

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae

11 Mei	Ds PA (Peet) Smit – GK Daspoort Ds CJ (Neels) Malan – GK Bethulie Mev M (Marja) Pansegrouw, eggenote van ds D (Dirk) Pansegrouw – GK Hoëveld Mev Z (Zelda) van Blerk, weduwee van ds PJ (Petrus) van Blerk – GK Rietvallei
13 Mei	Mev MC (Ria) van Wyk, eggenote van prof JH (Amie) van Wyk – TSP Ds NG (Nic) Laubscher – GK Buffeldoorns Mev JL (Venita) de Kock, eggenote van dr DJ (Danie) de Kock – GK Krokodilrivier

14 Mei	Mev HM (Marianne) Bingle, weduwee van dr PW (Pieter) Bingle – GK Kaapstad
17 Mei	Ds MP (Philip) Lekgetho – GK Boikhutso

Hartlike gelukwense aan die volgende teologiese studente met hul verjaardae

13 Mei	Adriaan Broodryk
15 Mei	Johann de Waal
16 Mei	Xolisa Matrose

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Hartlike gelukwense aan

- **Ds Daniël en Roné Myburgh** van GK Venterstad met die geboorte van hul dogtertjie

DOODSBERIGTE

Ds JD (Kobus) Venter, emerituspredikant van GK Vryburg, is op 5 Mei 2023 oorlede. Ds Venter was in lewe die predikant van GK Venterstad (1972-1977, GK Sishen (1977-1984) en GK Vryburg (1984-2007)

Dr JM (Japie) Gerber, emerituspredikant van GK Bethlehem, is op 7 Mei 2023 in die ouderdom van 92 jaar, oorlede.
Dr Gerber was die predikant van NG Tarkastad 1958-1961, NG Stilfontein-Sentraal 1961-1967, NG Welkom 1967-1972, NG Bethlehem-Oos 1972-1975, Direkteur Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, NG Bloemfontein 1976-1985, NG Coligny-Oos 1985-1994. Geëmeriteer (NGK) 1994.
Op 23 Maart 1999, na ‘n Colloquium Doctum deur die Kuratore van die TSP, word die kandidaatsertifikaat van die TSP aan dr Gerber uitgereik. Vanaf 20 April 1999 tot 7 Mei 2023 was dr Gerber die emerituspredikant van GK Bethlehem.

Innige simpatie betuiging aan:

- Mev Drien Venter met die afsterwe van haar eggenoot, ds Kobus Venter en ds Lourens Venter van GK Centurion met die afsterwe van sy oom.
- Mev Ria Gerber met die afsterwe van haar eggenoot, dr Japie Gerber.

Uit die pen van …..

Boekbekendstelling

Ons deel graag die inhoud van hierdie bundel met oordenkings uit die Filippensebrief met ons geliefdes. Dit is in A4 formaat met 'n skrifgrootte wat maklik leesbaar is. Dit is ook geskik om as geskenk aan iemand te gee of as koffietafelboek vir besoekers en huisgenote.



Hierdie bundel bevat

- Eenhonderd dagstukkies uitgestuur as stemposse in die Covid-19 tyd
- 'n Vers-vir-vers Skrifstudie van die Filippensebrief
- 'n Fokusteks by elke dagstukkie
- 'n Gebed wat pas by die inhoud
- Versier met 'n foto uit die Overstrand omgewing

Hierdie bundel kan jou help met

- Belewing van die blydskap in die HERE
- Belewing van God se vrede, al verstaan ons dit nie
- Materiaal vir stiltetyd, huisgodsdiens en bybelstudie
- Toerusting om ander te bemoedig

Met die samestelling en uitgee hiervan wil ons die woorde wat ons tydens die pandemie gedr graag deel. Ons hoop dat die vrug daarvan verder sal vermeerder tot eer van God.

Skakel gerus vir Ds Johan Schutte vir navrae en verdere inligting (kontakbesonderhede op bestelvorm).

Bestelvorm

En die Vrede van God
100 Oordenkings uit Filippense

Naam en van:	
Selfoonnommer:	
E-posadres:	
Aantal bundels:	
Koste (R130 per bundel):	R
Vir aflewering buite Overstrand: **Koerier (R60 vir tot ses bundels):**	**R**
	R
Elektroniese inbetaling	
Rekeninghouer	Johan A Schutte
Bank	FNB
Takkode	200412 (Hermanus)
Rekeningnommer	63041278440
Stuur bewys van inbetaling na	ja.schutte1@gmail.com
	of 082 202 4227
Of kontant per hand	

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe aanvaar

- Ds PR (Retief) Gouws van GK Dendron/Magalakwin na GK Bergsig
- Ds E (Eric) Kayayan van GK Rietvallei na die Oak Glen United Reformed Church in Illinois, VSA

Proponente beroepbaar gestel

Proponent Quintin en Ammie Venter

Selnommer – 082 779 9005
E-pos: ggventer2@gmail.com

Proponent MD Letebele (David en Emily)
Sel: 079 064 4754 of 073 558 5533
E-pos: serameletebele@gmail.com

Proponent KN Lepodise (Koketso)
Sel: 073 717 4394
E-pos: koketsolepodise@gmail.com

Proponent Thina Nthangeni
Sel: 079 258 0481
E-pos: nthangemf@elections.org.za

Kerkrade, Kategete, Ouers en kinders en elke lidmaat van Gereformeerde belydenis:

Ter verryking van ons kennis oor die Heidelbergse Kategismus in ‘n tyd waar daar al minder geleentheid is vir kategismusprediking:

Gratis Onse Kategismus vir Kinders Toep/App

Installeer op selfoon, tablet of rekenaar: https://bit.ly/3HTholb

Volg die reeks video’s waarin ds Faan Smit, GK Heidelberg die Kategismus vir oud en jonk ontsluit.

Stuur asb vir ons video’s van kinders en hulle reaksies terwyl hulle na die Onse Kategismus kyk. Ons wil dit graag gebruik.
Vervaardigers: Woorde uit sy Woning. Navrae: Gustav en Ina Opperman +27 836502186.

GEDAGTE VIR DIE WEEK



U, Here, laat my lamp helder skyn;

my God gee lig

as dit donker is om my.

Psalm 18:29

KOPKRAP
GK BROOKLYN

13 MEI 2023
GESINSTOERUSTINGSDAG

PROGRAM:

08:00
Aankoms (Koffie en beskuit)

08:20- 08:35
Verwelkoming
Dr. Daniël Maritz

08:35-09:35
Die huwelik - Mees algemene uitdagings
Dr. Tienie Maritz

09:45-10:45
Geloof & evolusie
Pierre Le Roux

10:45-11:00
Teetyd

11:00-12:00
Pornografie
Dr. Reitze Rodseth

12:00-13:00
Etenstyd (Elkeen verskaf eie middagete)

13:00-14:00
Kwessies oor geslagsidentiteit
Dr. Reitze Rodseth

14:10-15:10
Liefde & waarheid
Nel Brace

15:20-16:20
Die belangrikheid van die huisgesin
Simon Brace

Vir meer inligting kontak vir:
Daniël: 082 371 2040 of **Linda**: 082 707 9699

Inhoud

Mei 2023

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

JAARGANG 124, NO. 3377
Mei 2023

UIT DIE WOORD DIE HEILSGEBEURE
1 Is dit dwaas om hemelvaart te vier?
3 Die bediening van die opgestane Here
5 Kyk reg om getroos te word deur die hemelvaart

7 VAN DIE REDAKTEUR
Saterdag 22 Julie 2023! 'n Belangrike uitnodiging

9 *Die Kerkblad* in gesprek met dr. Victor E d'Assonville
13 Die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA)
15 Griet se storie (2): Kerkbasaar – uit die mond van kinders
16 Die Gereformeerde Kerkreg: Reg, Riglyn of Rite? (2)
17 Sinodeskatte (13) – Sinode 1897
18 Die Kerkblad in gesprek met HEILNA DU PLOOY
21 Feite en Fiksie: Is almal wat dood is op 'n beter plek?

Korter nuusbrokkies deur die blad versprei

23 Kleinadvertensies

REDAKSIEKOMMISSIE
REDAKTEUR: Ds. C Aucamp
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Prof. J Smit, mev. V de Kock, mev. G Swanepoel, dr. EJ Smit, JG Noëth, prof. DF Muller, ds. GP Meijer

Adresbesonderhede:
- Die Redakteur, Die Kerkblad, Molenstr. 62, Potchefstroom, 2531; e-posadres: anberg@absamail.co.za; sel. 082 377 1112
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Molenstr. 62, Potchefstroom, 2531; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R525
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, 11 uitgawes) – R360
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R150

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462

EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.







Reformed mission in Southern Africa. The way forward

Hierdie boek van 312 bladsye is geskryf deur 24 skrywers wat kundig is op die gebied van gereformeerde evangelisasie in Suider-Afrika. Hulle gee ‘n breë prentjie oor sake en wat die vereistes is vir die pad vorentoe.

Tot dusver gaan dit nie goed met gereformeerde evangelisasie nie, maar wat is die tekortkominge en vereistes vir die toekoms? Bekende skrywers soos onder andere proff Flip Buys, Naas Ferreira en Koos van Rooy (emeritus), ds Sipho Phungula, dr Willie Zeze, ds Johannes Aucamp, dr Brian De Vries en talle ander bied waardevolle insigte om te voorkom dat die foute van die verlede nie herhaal word nie. Die potensiaal en die geleenthede is enorm. ‘n Boek om te lees, te leer en op die regte manier te begin doen.

Te koop by die Administratiewe Buro, Potchefstroom teen R190.00 per kopie (koerierdienste en verpakking uitgesluit).
Kontakbesonderhede: Tel: 018 297 3986/7/8/9 of per E-pos: bestellings@gksa.co.za